

Psalm 147

Prys die Here omdat Hy ons herstel, heelmaak en versamel

Inleiding:

- Goed breek.
 - As 'n wasmasjien of 'n skottelgoedwasser breek is die hele plek vol water.
 - As 'n glas of 'n koppie breek skarrel almal sonder skoene vir veiligheid en word al die stukkie fyn opgetel.
 - As 'n kar breek is jy dikwels gestrand, veral wanneer jy oppad is iewers heen.
 - Jy staan gestrand en voel magteloos en selfsverlate.
- Dit is wel alles aardse dinge.
 - Dit kan maklik reggemaak word of selfs vervang word en die gevolg is dat dit jou geld kos.
 - Jy moet betaal.
 - Jy kan self die verantwoordelikheid opneem en verseker daar kom herstel.
 - Soms is mens selfs so gelukkig dat daar 'n waarborg is, en word jou sak die trauma gespaar.
- Maar weereens is dit aardse dinge.
- Wanneer dit kom by geestelike herstel is dit nie so maklik nie.
 - Die mens is gebroke.
 - Die mens het nodig om herstel te word.
 - Geld kan niks hiervan regmaak nie.
 - Net God kan die mens herstel
- Daarom word ons ook vanoggend opgeroep
 - Prys die Here omdat Hy ons herstel, heelmaak en versamel.

God herstel sy gebroke volk

- Deur die eeue het die psalms 'n baie belangrike plek in Israel ingeneem. Sommige Psalms kan uit die voor-koninklike tyd dateer.
 - Baie kom egter uit die tydperk van die konings met die wel en wee van die tyd.

- Die psalms het baie beteken vir individue.
 - Verder het dit ook 'n belangrike rol vervul in die tempeldiens, maar ook by besondere geleenthede soos die kroning van 'n koning of tydens oorloë, natuurrampe of tye van oorvloed.
- Tydens die ballingskap, toe daar geen tempel of koning of eie land was nie, het die psalms 'n belangrike rol onder die ballinge vervul.
 - Dit het hulle wroeging oor die verlede, hulle worsteling om God se rol in die gebeurtenisse te begryp, maar ook hulle nostalgie oor die verlede uitgedruk.
 - Daar het ook nuwe psalms ontstaan waarin Israel hulle geloof in die magtige Skeppergod, wat tog 'n band met die ongehoorsame verbondsvolk handhaaf, uitgedruk.
 - Dit was ook 'n middel waardeur hulle hulle geloof teenoor die van die oorwinnaars gehandhaaf het.
- In die tyd na die terugkeer van die ballingskap het dit in die geledere van die herstelde tempelgemeenskap, maar ook onder diegene in die verstrooiing, weerklink.
- So sien ons verskillende temas in die boek psalms.
 - In die laaste vyf psalms is daar egter 'n herhalende tema.
 - Prys die Here!
 - Dit kom ook vir ons baie duidelik na vore in Psalm 147.
- Ons weet dat God waardig is om geprys te word.
 - Maar hoekom?
 - Hoekom prys ons die Here?
- Hy is die Een wat sy volk herstel.
 - Hy is die Een wat sy gebroke volk versamel na die ballingskap.
 - Hy belowe dat Hy sy verstrooide volk reg oor die wêreld sal herstel en sal versamel.
 - Daarom beloof Hy ook dat Hy die wonde sal genees van die wat Hom dien.
 - Hy sal regmaak.
 - Hy sal herstel.
 - Hy sal uitkoms gee.
- God belowe dat Hy sal genees.
 - Hier gaan dit nie net oor fisiese wonde nie, maar veral oor emosionele letsels.
 - In hierdie psalm is hierdie genesing veral gerig op die platgeslane volk wat terugkeer uit die ballingskap uit, maar dit wys ook vooruit op die genesing wat Christus bewerk deur sy kruisdood.

- Hierdie psalm begin deur die almag van die Here duidelik bekend te maak.
 - Die psalmdigter beskryf die manier wat God omgee vir sy volk.
 - Hy genees die wonde, en Hy maak die gebroke harte heel.
 - Maar dan gaan dit selfs verder om God se almag te beskryf in die wyse wat Hy regeer oor die natuur.
 - Hy voorsien die reën.
 - Hy gee weiding aan die diere
 - Daar word bevestig dat God groter is as perde en soldate.
 - Hy sorg vir sneeu en Hy gee die hael.
 - En as Hy praat smelt dit alles weer.
- Die Here beheer en regeer oor elke element van die natuur.
 - Hy regeer die seisoene en bepaal self wanneer die winter en die somer moet aanbreek.
- God regeer oor die ganse heelal.
 - En nogtans is Hy besorg oor die mens.
 - God is besorg oor elke individu.
 - Hy sorg vir sy kinders selfs tot in die fynste detail.
 - Die mens in sy kleinheid en gebrokenheid is nie weg uit God se hand nie.
- God ontferm Hom oor sy kinders.
 - En daarom herstel hierdie almagtige God deur sy genade sy volk.
 - Sy kinders wat Hy vir Hom gekies het.

Christus berei ons woonplek voor waar Hy ons finaal sal versamel

- Die psalmdigter skryf hoe God Jerusalem weer gaan herstel en Israel sal opbou.
 - Hier gaan dit nie oor die stad nie.
 - Maar om by God te wees.
- Daarom kry ons in hierdie psalm die troos dat God ons woonplek regmaak.
 - Hierdie woonplek is nie op aarde nie
 - Dit is ons woonplek in die hemel wat Christus sedert sy hemelvaart vir ons voorberei.
- Hierdie woonplek is nie tydelik en gebroke nie, maar 'n ewige woonplek waar ons deurlopend die Here sal prys tot in ewigheid.
 - Ons kan uitsien na hierdie woonplek omdat die Here Hom oor ons ontferm.

- In Psalm 147:19 sien ons dat God sy woord bekend maak aan Jakob – aan sy volk.
 - So word dit ook vir ons duidelik gemaak in die wyse waarop Christus aan ons bekend gemaak is.
- So sien ons dat God nie net deur sy woord skep soos wat ons lees in Gen. 1:1 nie, maar ook in Joh. 1:1 dat Jesus Christus ook self vir ons die Woord is.
 - So kry ons dan ook die versekering in die woord dat Christus ons woonplek vir ons voorberei.
- Dit is egter nie die hoofzaak van Christus nie.
 - Deur sy verlossingswerk kon ons ook versamel word om weer God se kinders te wees.
 - In Sef. 3:19 lees ons dat God belooft dat Hy sy volk gaan versamel, herstel en sal vereer.
 - Dit is bevestig deur die werk van Christus waar daar gepoog is om Christus te veneder, waar dit uitloop het om verhoging en verering van Christus as die een wat vir ons genesing gebring het.
- Christus se genesing is nie vir hierdie lewe volkome bedoel nie.
 - Daarom moet ons volhard in die geloof dat ons eendag finaal versamel sal word om ons ewige woonplek binne te gaan.

Volhard in geloof tot Christus kom

- God het sy volk op sy wyse versamel, en genees.
 - Daarom moet ons vashou aan die geloof wat God aan sy kinders gee.
 - Dit dien vir ons as die bemoediging om te volhard tot die regte tyd aanbreek.
 - Daar word nie net blindelings van ons verwag om te glo nie.
 - God het sy woord aan ons gegee sodat ons Hom daardeur kan ken.
 - Sodat ons kan weet wat Hy van sy kinders verwag en sodat ons daardeur ook versterk kan word.
 - Hy het dit vir niemand anders gegee nie.
 - Die Here het ons gekies om hierdie bepalings van Hom te kan ken.
 - Daarom moet ons nie ligsinning omgaan met die woord van die Here nie.

- In vanaand se aandbyeenkoms gaan ons ook saamkyk na die gesag van die Bybel en hoekom ons die woord van die Here het soos wat ons hom vandag het.
- Ons antwoord op hierdie geloof wat die Here in ons bewerk word ook weer herhaal aan die einde van hierdie psalm net soos wat hy begin.
 - *Prys die Here!*
 - Dis eenvoudig.
 - In alles wat jy doen moet jy getuig dat die Here ons versamel het en heel gemaak het en genees het.
 - Soos wat enige wond 'n letsel los, is ons letsels ook getuienis van die Here se genesing wat Hy in en deur Christus bewerk het.
 - Daarom moet ons uitsien na die woonplek wat vir ons opgerig is, waar ons in vreugde kan woon sonder enige gebrokenheid, en enige seer.

Slot:

- Psalm 147 herinner ons aan alles wat die Here vir ons doen.
 - Hoe Hy regeer.
 - Hoe Hy versorg.
 - Hoe Hy na elke mens omsien.
- Die psalm maak dit baie duidelik hoe ons nie anders kan as om die Here prys vir al hierdie wonderlike tekens van sy liefde nie.
 - In ons gebrokenheid het Hy ons heelgemaak.
 - Nie om voort te gaan in ons gebroke maniere nie, maar om Hom daagliks op te soek.
 - Om vas te hou aan die geloof en elke dag sy naam te prys nie net vir wat Hy gedoen het nie, maar vir wie Hy is.